“afvalhanteringsfasiliteit” enige terrein of perseel wat afval ontvang, opgaar, hanteer, herwin, sorteer en tydelik berg of behandel voordat dit vir finale wegdoening oorgelaai of oorgeplaas word en wat bedryf word ingevolge 'n lisensie uitgereik deur 'n statutêre lisensie-owerheid of andersins in gevolge die bepalinge van die NOBW;

“afvalinligtingstelsel” SAASIS;

“afvalsak” 'n plastieksak van 750mm x 950mm en ten minste 22 mikron dik of soos andersins voorgeskryf deur die munisipaliteit en dieselfde is van toepassing op 'n blikuitvoering;

“afvalverwyderingstelsel” beteken 'n stelsel waardeur afval verwyder en weggedoen word deur die munisipaliteit;

“afvalwegdoeningsfasiliteit” enige terrein of perseel wat afval vir die behandeling of wegdoening daarvan ontvang en wat bedryf word ingevolge 'n lisensie uitgereik deur 'n statutêre lisensie-owerheid of ingevolge die bepalinge van die NOBW en afvalstortingsfasiliteit het dieselfde betekenis;

“algemene afval” afval wat nie 'n onmiddellike gevaar of bedreiging vir gesondheid of die omgewing inhou nie en sluit in huishoudelike afval, besigheidsafval, bouafval, onaktiewe afval en tuinafval;

“berging” die opgaar van afval op 'n wyse wat nie neerkom op die behandeling of wegdoening van sodanige afval nie;

“besigheidsafval” afval, anders as gevaarlike afval, gesondheidsorg afval, bouafval, industriële afval, tuinafval, lywige afval, spesiale afval en spesiale industriële afval gegenereer op persele wat gebruik word vir kommersiële doeleindes en op woonpersele waar kommersiële aktiwiteite plaasvind en sakeondernemingsafval het 'n soortgelyke betekenis;

“besmetlike afval” afval wat gegenereer word tydens diagnose, behandeling of immunisering van mense of diere, as deel van die navorsing verwant hieraan, in die vervaardiging of toetsing van biologiese agente insluitende bloedprodukte, kulture, patologiese afval, skerp voorwerpe, mens -en dier liggaamlike afval en geïsoleerde afval wat besmetlike stowwe bevat of kan bevat;

“besoedeling” enige verandering in die omgewing wat veroorsaak is deur-

- (a) stowwe; of
- (b) radio-aktiewe of ander golwe; of
- (c) geraas, reuke, stof of hitte wat vrygestel word van enige aktiwiteit, insluitende die berging of behandeling van afval of stowwe, konstruksie en die voorsiening van dienste, ongeag of enige persoon of 'n staatsinstelling daarby betrokke is, waar die verandering ter sprake 'n nadelige uitwerking het op menslike gesondheid of welstand of op die samestelling, herstelvermoë en produktiwiteit van natuurlike of bestuurde ekosisteme, of op materiale wat vir hense gebruikswaarde het of in die toekoms sodanige effek sal hê;

“bouafval” afval geproduseer gedurende die konstruksie, verbouing, herstel of sloping van enige struktuur, mensgemaak of natuurlik, en sluit in rommel, grond, plantegroei, hout en rots verplaas gedurende sodanige konstruksie, verbouing, herstel of sloping, maar uitgesluit gevaarlike afval en tuinafval;

“daaglikse” bederfbare besigheidsafval wat deur hotelle, restaurante, voedselwinkels, hospitale, of kroëë gegenereer word en wat op 'n meer gereelde, dikwels daaglikse, basis verwyder moet word om te verhoed dat die afval dekomposeer en 'n oorlas of omgewings -of gesondheidsrisiko word;

“diensvlakke” die frekwensie van munisipale diens en die tipe dienspunt;

“e-afval” elektriese en elektroniese toerustingafval soos beligtingstoerusting, stroombaanborde, mobiele fone, rekenaars, televisiestelle, en oudio-visuele toerusting wat steeds hoofsaaklik as huishoudelike of besigheidsafval hanteer word maar ten opsigte waarvan daar 'n groot behoefte en potensiaal is vir herwinning;

**"eienaar"** sluit in-

- (a) die persoon by wie die regstittel ten opsigte van die perseel berus, insluitende, maar nie beperk nie, tot die geregistreerde eienaar ooreenkomstig die titelakte;
- (b) waar die persoon by wie die regstittel van 'n perseel berus insolvent of oorlede is of wat om welke rede ook al regsonbevoeg is, die persoon by wie die administrasie en beheer van sodanige perseel as kurator, trustee, eksekuteur, administrateur, geregtelike bestuurder, likwidateur of ander regsverteenwoordiger berus;
- (c) in die geval waar die munisipaliteit nie die identiteit van so 'n persoon kan vasstel nie, 'n persoon wat geregtig is op die voordeel van die gebruik van sodanige perseel of gebou of geboue daarop;
- (d) in die geval van 'n perseel waarvan die huurooreenkoms vir 'n tydperk van tien jaar of langer aangegaan en in die akteskantoor geregistreer is, die huurder daarvan;
- (e) met betrekking tot-
  - (i) 'n stuk grond afgebaken op 'n deelplan wat ingevolge die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet 95 van 1986), geregistreer is, die ontwikkelaar of die regspersoon ten opsigte van die gemeenskaplike eiendom; of
  - (ii) 'n deel soos omskryf in die Wet op Deeltitels, die persoon op wie se naam sodanige deel kragtens 'n deeltitelakte geregistreer is, en ook die wettig aangestelde verteenwoordiger van so 'n persoon;
- (f) die persoon wat onroerende eiendom by die munisipaliteit gekoop het ingevolge 'n skema waarvolgens die koopprys in paaiemente betaal word en nie oordrag van die munisipaliteit ontvang het nie;

**"geïntegreerde afvalbestuursplan"** 'n geïntegreerde afvalbestuursplan benodig deur die munisipaliteit in terme van hierdie verordening of soos vereis in terme van enige ander toepaslike wetgewing;

**"geleentheidsafval"** afval afkomstig van die aktiwiteite verwant aan 'n geleentheid wat in die munisipale gebied plaasgevind het;

**"gelisensieerde diensverskaffer"** 'n persoon of entiteit goedgekeur deur en geregistreer by die munisipaliteit en in besit van 'n lisensie vir die verwydering en vervoer van spesifieke tipes afval in die munisipale gebied;

**"gemagtigde beampte"** 'n afvalbestuursbeampte of 'n ander persoon in diens van die munisipaliteit en gemagtig daartoe deur die munisipaliteit vir die implementering van hierdie verordening, of 'n werknemer van 'n diensverskaffer aangestel deur die munisipaliteit om munisipale dienste te verrig binne die omvang van die magte, funksies en verpligtinge aan die diensverskaffer toegesê;

**"gesondheidsorgafval"** alle afval gegeneer deur of afkomstig van mediese sorg of mediese navorsing met inbegrip van, maar nie beperk tot besmetlike afval, patologiese afval, skerp afval, farmaseutiese afval, genotoksiese afval, chemiese afval, drukhouerafval, afval met swaar metale, radio-aktiewe afval, of enige afval wat met bloed, liggaamsvloeistowwe of menslike weefsel of geïnfekteerde diere van veeartsenykundige praktyke in aanraking was;

**"gesondheidsorg risiko afval"** alle gevaarlike afval gegeneer by 'n gesondheidsorgfasiliteit soos 'n versakkingsorgeenheid, hospitaal, kliniek, laboratorium, mediese navorsingsinstituut, tandheelkundige of mediese praktisyn of veearts insluitende, maar nie beperk tot besmetlike afval, patologiese afval, skerp afval, farmaseutiese afval, genotoksiese afval, chemiese afval, drukhouerafval, afval met swaar metale, radio-aktiewe afval, of enige afval wat met bloed, liggaamsvloeistowwe of menslike weefsel of geïnfekteerde diere van veeartsenykundige praktyke in aanraking was;

**"gevaarlike afval"** enige afval wat organiese of nie-organiese elemente of samestellings bevat wat as gevolg van die inherente fisiese, chemiese of toksikologiese eienskappe daarvan, 'n wesenlike nadelige uitwerking op gesondheid en die omgewing kan hê;

**"gevaarlike chemiese stof"** enige toksiese, skadelike, korroderende, branderige, bytende of verstikkende stof of mengsels van sodanige stowwe ten opsigte waarvan-

- (a) 'n beroeps blootstellingslimiet voorgeskryf is;
- (b) 'n beroeps blootstellingslimiet nie voorgeskryf is nie maar wat 'n gevaar vir gesondheid en die omgewing inhou;

**"gevaarlike huishoudelike afval"** gevaarlike afval gegeneer in 'n huishouding in klein hoeveelhede in ooreenstemming met die huisverbruik van materiale soos verve en oplosmiddels, outomobielaafval, insekdodende middels, elektroniese goedere, lugverfrissers of sodanige middels in drukhouders, skoonmaakmiddels, batterye, fluoresserlampe en toestelle wat koelgas bevat;

**"goedgekeurde"** in die konteks van houer, houervoerings, afvalsakke, afvalhouders en omhulsels goedgekeur deur die munisipaliteit of 'n gelisensieerde diensverskaffer vir die verwydering en berging van afval;

**"goedgekeurde besigheidsafvalhouer"** 'n goedgekeurde houer met 'n bergingskapasiteit van 240 liter, 'n goedgekeurde houer met 'n bergingskapasiteit van 770 liter of enige ander goedgekeurde houer vir besigheidsafval soos deur die munisipaliteit voorgeskryf;

**"goedgekeurde houer"** 'n houer goedgekeur om huishoudelike -of besigheidsafval tydelik te berg totdat dit deur die munisipaliteit of 'n gelisensieerde diensverskaffer verwyder word;

**"goedgekeurde huishoudelike afvalhouer"** 'n goedgekeurde houer met 'n bergingskapasiteit van 240 liter of enige ander goedgekeurde houer vir huishoudings soos deur die munisipaliteit voorgeskryf;

**"groepsontwikkeling"** 'n hoë digtheid residensiële ontwikkeling met gemeenskaplike grond of fasiliteite wat beheer word deur 'n huiseienaarsvereniging, regspersoon of bestuursliggaam;

**"lywige afval"** beteken afval wat as huishoudelike -of besigheidsafval geklassifiseer kan word maar wat as gevolg van die massa, vorm, grootte of omvang daarvan nie maklik in 'n goedgekeurde houer opgehoop of daaruit verwyder kan word nie;

**"herwinbare afval"** afval wat van die afvalstroom geskei kan word en opsygesit word vir doeleindes van hergebruik;

**"herwinning"** 'n proses waardeur afval herwin word en kan insluit die skeiding van afval van 'n afvalstroom vir verdere gebruik;

**"herwinning van stowwe"** enige proses waar stowwe uit die afvalstroom verwyder word met die doel om dit weer te gebruik of te hersirkuleer of te behandel;

**"houer van afval"** enige persoon of entiteit wat afval invoer, genereer, kollekteer, versamel, verwyder, hanteer, opgaar, berg, vervoer, verwerk, oorlaai, behandel, verhandel, uitvoer, herwin, hergebruik of daarmee wegdoen insluitende sorteerders en herwinnaars van afval, afvalminimiseringsgroepe, skroothandelaars en terugkoopinisiatiewe;

**"huishoudelike afval"** afval wat op 'n perseel gegeneer word voortspruitend uit die primêre gebruik van die perseel vir--

- (a) residensiële doeleindes;
- (b) onderwys, sport -en ontspanningsdoeleindes;
- (c) openbare aanbidding, insluitende 'n saal of ander gebou vir godsdienstige doeleindes en sluit in huishoudelike gesondheidsorgafval en gevaarlike huishoudelike afval, maar uitsluitend van gevaarlike afval, besigheidsafval, bouafval, tuinafval, lywige afval, spesiale afval, vloeistowwe of nagvuil;

**“huishoudelike gesondheidsorgafval”** gesondheidsorgafval gegeneer in ’n huishouding in klein hoeveelhede inooreenstemming met die huisverbruik van materiale vir mediese doeleindes en sluit in afval soos spuitnaalde, ongebruikte medisynes en pille en gebruikte verbande wat ’n gesondheidsgevaar kan inhou as die wegdoening daarvan nie op ’n geskikte wyse geskied nie;

**“industriële afval”** afval gegeneer deur middel van vervaardigings-, industriële-, fabrieks-, prosesserings-, aftakelings- of onderhoudsaktiwiteite en sluit in afval gegeneer deur kommersiële landbou of mynbou aktiwiteite of ’n kragstasie, maar sluit nie enige ander kategorie van afval in nie;

**“kommersiële dienste”** enige afvalbestuursdiens, verwant tot of gekoppel aan die opgaar, kollektoring, verwydering, bestuur, herwinning, sortering, berging, behandeling, vervoer, wegdoening, koop of verkoop van afval of enige ander wyse van afvalhantering uitsluitende dienste wat deur die munisipaliteit gelewer word;

**“landbou en plaas afval”** alle afval gegeneer op plase as deel van landbouprosesse of deur gewone huishoudelike of besigheidsaktiwiteite en mag verskillende tipes afval insluit;

**“minimiserings”** die maatreëls wat die munisipaliteit, inwoners, besighede en industrieë implementeer om die generering en wegdoening van afval te vermy en die volume en toksisiteit van afval te verminder;

**“Minister”** die Minister van die Departement van Omgewingsake;

**“munisipaliteit”** die Langeberg Munisipaliteit, gestig ingevolge Artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998), en sluit enige politieke struktuur, politieke ampsdraer, raadslid, behoorlik gemagtigde agent daarvan of enige werknemer daarvan in wat optree in verband met hierdie verordening uit hoofde van ’n mag wat in die munisipaliteit gevestig is en na sodanige politieke struktuur, politieke ampsdraer, raadslid, agent of werknemer gedelegeer of gesubdelegeer is;

**“munisipale diens”** die diens gelewer met betrekking tot die verwydering van afval insluitende huishoudelike afval, besigheidsafval en daaglikse en die verwante afvalaktiwiteite voorsien deur die munisipaliteit of ’n diensverskaffer namens die munisipaliteit;

**“nuwe produk”** ’n stof wat geproduseer word as deel van ’n proses wat primêr daarop gerig is om ’n ander substansie of produk te produseer en wat die eienskappe het van ’n ekwivalente nuwe produk of materiaal;

**“NOB:AW”** die Nasionale Omgewingsbestuur: Afvalwet, 2008 (Wet 59 van 2008);

**“NOBW”** die Nasionale Omgewingsbestuurswet, 1998 (Wet 107 van 1998);

**“okkupeerder”** ’n persoon wat enige perseel of ’n gedeelte daarvan okkupeer ongeag die titel waaronder hy of sy so okkupeer en sluit in –

- (a) enige persoon wat werklike okkupasie van die perseel het;
- (b) enige persoon wat regtens aanspraak het om die perseel te okkupeer;
- (c) die persoon wat vir eie reg of as ’n agent vir enige ander persoon, daarin geïnteresseerd of daarop geregtig, die huurgelde betaalbaar ontvang in die geval van die onderverdeling van die perseel en die verhuuring daarvan aan loseerders of verskeie huurders;
- (d) enige persoon wat in beheer of bestuur van die perseel is insluitende die agent van enige sodanige persoon terwyl die persoon nie in die Republiek van Suid-Afrika is nie of dit nie bekend is waar die persoon hom of haarself bevind nie; of
- (e) die eienaar van die perseel;

**“omgewing”** die individuele dele en totale som van al die elemente, eienskappe toestande wat gesamentlik die omgewing skep waarin lewende organismes bestaan insluitende enige deel of kombinasie van die interverwantskappe onder en tussen hulle;

**“omgewingsnoodtoestand”** enige situasie wat ernstige skade aan menslike gesondheid of beskadiging van die omgewing veroorsaak het of kan veroorsaak, ongeag of die potensiaal vir skade onmiddellik of vertraag is;

**“onaktiewe afval”** afval wat—

- (a) na die wegdoening daarvan nie enige betekenisvolle fisiese, chemiese of biologiese verandering ondergaan nie;
- (b) nie brand, fisies reageer of chemies afbreek of andersins enige ander stowwe of die omgewing waarmee dit in kontak mag kom, nadelig affekteer nie; en
- (c) as gevolg van die besoedelingsinhoud en die onbeduidende toksisiteit van die logging nie ’n negatiewe uitwerking op die omgewing het nie;

**“oorlas”** enige besering, skade, benadeling, ongerief, of ergernis teenoor ’n persoon veroorsaak op enige wyse deur die onbehoorlike hantering of bestuur van afval, insluitende maar nie beperk tot die berging, plasing, verwydering, vervoer of wegdoening van afval of deur afvalstrooiing;

**“openbare kennisgewing”** ’n kennisgewing aan die publiek op ’n wyse vasgestel deur die munisipaliteit;

**“openbare pad”** enige pad, straat of deurgang of enige ander plek (of dit ’n deurgang is of nie) wat algemeen deur die publiek of enige gedeelte van die publiek gebruik word of waartoe die publiek of enige gedeelte van die publiek die reg van toegang het en sluit in—

- (a) die rand van enige sodanige pad, straat of deurgang;
- (b) enige brug, pont of drif deurkruis deur enige sodanige pad, straat of deurgang; en
- (c) enige ander werk of objek wat of deel vorm van of gekoppel is aan of behoort aan sodanige pad, straat of deurgang;

**“openbare plek”** enige openbare gebou, openbare pad, oorhoofse brug, duikweg, tonnel, geplaveide of natuurlike voetpad, sypaadjie, laning, oop ruimte, sportgronde, tuin, munisipaal-omheinde ruimte en enige pad, plek of deurgang ongeag hoe dit ontstaan het maar wat ongesteurd deur die publiek gebruik word of waartoe die publiek die reg van toegang of gebruik het;

**“organiese afval”** enige biodegradeerbare afval afkomstig van of ’n plant of dier, ingesluit, maar nie beperk nie tot groenafval, kosafval, kosbesmeerde papier, nie-gevaarlike houtafval en enige landskappering- en snoei-afval;

**“perseel”** ’n erf of enige ander gedeelte van grond, insluitende die gebou daarop of enige ander struktuur wat vir besigheids-, industriële -of residensiële doeleindes gebruik word;

**“persoon”** enige natuurlike persoon, staatsorgaan, of soortgelyke owerheid, ’n firma geïnkorporeer onder enige wet, ’n eenheid van mense hetsy geïnkorporeer of nie, ’n statutêre liggaam, ’n publieke utiliteitsliggaam, vrywillige assosiasie of trust;

**“rente”** ’n heffing met dieselfde regseienskappe as diensgelde en bereken in terme van hierdie verordening op alle agterstallige bedrae gehef as voorgeskrewe fooie vir afvalbestuursdienste teen ’n standaardtarief gelykstaande aan die rentekoers soos deur die munisipaliteit bepaal;

**“rommel”** enige objek, stof of materiaal wat deur ’n persoon weggegooi word in enige plek behalwe ’n goedgekeurde afvalafvalhouer voorsien vir wegdoening van die spesifieke afval of by ’n afvalstorting –of afvalhanteringsfasiliteit;

**“SAAIS”** die nasionale afvalinligtingstelsel deur die nasionale regering totstand gebring in ooreenstemming met NOB:AW;

**“SANS”** beteken Suid-Afrikaanse Nasionale Standaard;

**“skade aan die omgewing”** enige sigbare of onsigbare besoedeling, benadeling of skade aan die omgewing;

**“spesiale afval”** nie-gevaarlike industriële afval wat ’n paar verskillende tipes afval kan insluit waarvan die fisiese of chemiese eienskappe of beide, vereis dat die afval by ’n afvalstortingsfasiliteit op ’n spesiale wyse hanteer moet word insluitend gekontameneerde grond, rou dieremis, dooie diere en enige ander stof wat spesiale afval is;

**“spesiale industriële afval”** afval bestaande uit vloeistof, slik of soliede stof, wat die resultaat is ’n vervaardigingsproses, industriële behandeling of die behandeling wat die wegdoening van enige industriële of vloeibare mynbou afval voorafgaan;

**“Stelselwet”** die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselwet, 2000 (Wet 32 van 2000);

“**stort**” die plasing van of wegdoening met afval op enige plek anders as binne ’n goedgekeurde afvalhouer of ’n plek deur die munisipaliteit aangewys as ’n afvalhanteringsfasiliteit of ’n afvalstortingsfasiliteit;

“**Strukturewet**” die Plaaslike Regering: Munisipale Strukturewet, 1998 (Wet 117 van 1998);

“**tarief**” die jaarliks hersiene verbruikersgelde vir die voorsiening van die munisipale diens soos deur die munisipaliteit bepaal;

“**toepaslike koste**” die diensgeld, tarief, basiese tarief, subsidie of enige ander koste wat deur die munisipaliteit voorgeskryf word;

“**tuinafval**” organiese afval wat uit huishoudelike tuinaktiwiteite voortspruit insluitende grassnyfels, blare, plante, blomme, takke, boomstompe en ander soortgelyke afval;

“**tuindienste-aktiwiteite**” die voorsiening van tuindienste insluitende die sny van gras, snoei van bome of enige ander tuinboukundige aktiwiteit insluitende landskapskepping vir enige huishoudelike, besigheid, kommersiële, institusionele, onderwys en opleiding, ontspanning of industriële persele;

“**vervoer**” die beweging van afval van een plek na ’n ander;

“**verwydering**” die aktiwiteit gerig op die kollektoring van afval by die plek waar dit gegeneer of geberg word deur die munisipaliteit of ’n gelisensieerde diensverskaffer en versameling het ’n soortgelyke betekenis;

“**volhoubare ontwikkeling**” die integrasie van sosiale, ekonomiese -en omgewingsfaktore in beplanning, implementering en besluitneming om te verseker dat ontwikkeling die huidige en toekomstige generasies dien;

“**voorgeskrewe geld**” ’n fooi insluitende ’n tarief of ander kostevastelling deur raadsbesluit bepaal;

“**voorgeskrewe tarief**” beteken ’n skedule van voorgeskrewe gelde soos vervat in die munisipaliteit se begroting;

“**voorrangafval**” afval wat as sodanig deur die munisipaliteit of deur nasionale of provinsiale wetgewing verklaar is en mag bepaal dat ten opsigte daarvan noodmaatreëls deur die munisipaliteit geneem word;

“**vredesbeampte**” beteken-

(a) enige lid van die SA Polisie diens soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Suid Afrikaanse Polisie diens, 68 van 1995; en

(b) enige persoon as sodanig aangestel deur die munisipaliteit ingevolge artikel 334(1) van die Strafproseswet, 51 van 1977.

“**werksdag**” ’n dag anders as ’n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag maar in die konteks van die munisipaliteit se afvalwegdoening -en afvalhanteringsfasiliteite sluit dit alle kalenderdae in behalwe Sondag, en geestelike vakansiedae;

## 2. Beginsels

- (1) Dit is die munisipaliteit se verantwoordelikheid om te verseker dat alle afval wat binne die munisipale gebied gegeneer word—
  - (a) ingevolge hierdie verordening verwyder, mee weggedoen of herwin word; en
  - (b) dat sodanige verwydering, wegdoening of herwinning die afvalbestuurshiërargie wat in subartikel (2) uiteengesit is, in ag neem.
- (2) Die beginsel wat hierdie verordening onderlê is die vestiging van ’n afvalbestuurshiërargie in die volgende prioriteitsorde—
  - (a) vermyding, minimalisering en vermindering van afval;
  - (b) hergebruik van afval;
  - (c) herwinning, herverwerking en behandeling van afval; en
  - (d) wegdoening met afval.
- (3) ’n Gemagtigde beampte moet waar redelik moontlik, die afvalhiërargie gespesifiseer in subartikel (2) in ag neem.

## 3. Hoof doelwitte

- (1) Die hoof doelwitte van hierdie verordening is—
  - (a) om die verwydering, hantering, berging, vervoer, herwinning, behandeling en wegdoening van afval te reguleer;
  - (b) om die nastrewing van ’n geïntegreerde afvalbestuursbenadering te bevorder;
  - (c) om die voorsiening van munisipale dienste deur ’n diensverskaffer en kommersiële dienste deur gelisensieerde diensverskaffers te reguleer; en
  - (d) om volhoubare ontwikkeling te bevorder.
- (2) In nastrewing van die hoof doelwitte van hierdie verordening, sal die munisipaliteit binne sy administratiewe en finansiële vermoë—
  - (a) poog om plaaslike gemeenskapsdeelname in afvalbeplanning te verseker;
  - (b) poog om die verbruik van natuurlike hulpbronne te minimizeer;
  - (c) die herwinning en hergebruik van afval bevorder;
  - (d) die skeiding van afval om die hergebruik en herwinning daarvan te bevorder;
  - (e) die effektiewe verkryging, beplanning en lewering van munisipale dienste en kommersiële dienste bevorder;
  - (f) poog om in plaaslike verband geïntegreerde afvalbestuur, beplanning en dienste te bereik;
  - (g) omgewingsverantwoordelike munisipale dienste en kommersiële dienste bevorder en verseker; en
  - (h) daarna streef om nakoming van die bepalinge van hierdie verordening te verseker.

## 4. Take en verpligtinge

- (1) ’n Houer van afval moet alle redelike maatreëls tref om:
  - (a) afvalgenerering te vermy of te verminder en die toksisiteit van die afval wel gegeneer te minimizeer;
  - (b) afval te herwin en te hergebruik;
  - (c) op ’n omgewingsverantwoordelike wyse met afval weg te doen;
  - (d) afval so te bestuur dat dit nie gesondheid of die omgewing in gevaar stel nie en geen geraas, reuk – of gesigsteurnis veroorsaak nie;
  - (e) te voorkom dat afval gebruik word vir ’n ongemagtigde doel insluitende optrede om te voorkom dat persone onder sy of haar beheer hierdie verordening oortree.
- (2) ’n Persoon wat ’n produk verkoop vir gebruik deur die publiek en wat waarskynlik die generering van gevaarlike afval tot gevolg sal hê, moet alle redelike stappe neem om die publiek oor die uitwerking van sodanige afval op gesondheid en die omgewing, in te lig.
- (3) Die munisipaliteit of ’n gemagtigde beampte mag van enige persoon wat onderhewig is aan die take en verpligtinge soos opgelê in subartikels (1) en (2) vereis om maatreëls te tref om nakoming van hierdie take en verpligtinge te verseker; welke maatreëls mag wees om—
  - (a) die uitwerking op die omgewing te ondersoek en te evalueer;
  - (b) werknemers omtrent die omgewingsrisikos van hulle werk en die wyse waarop hulle hul take moet uitvoer in te lig en op te lei ten einde die veroorsaking van besoedeling of degradering van die omgewing te vermy;
  - (c) enige handeling, aktiwiteit of proses wat besoedeling of degradering veroorsaak, te beëindig, verander of te beheer;
  - (d) die beweging van besoedelende stowwe of oorsake van degradering inperk of voorkom;



- (e) enige bronne van besoedeling of degradering uitskakel; of
- (f) die effek van besoedeling of degradering reg te stel.

## HOOFSTUK 2 GEÏNTEGREERDE AFVALBESTUUR

### 5. Afvalbestuursplanne

- (1) Die munisipaliteit moet—
  - (a) 'n geïntegreerde afvalbestuursplan ingevolge die voorskrifte van nasionale wetgewing daarstel, nagaan en hersien;
  - (b) jaarliks verslag doen oor die implementering van sy geïntegreerde afvalbestuursplan; en
  - (c) die voorgeskrewe gemeenskapskonsultasie ten opsigte van van subartikels (1)(a) en (b) nakom.
- (2) 'n Persoon wat 'n geleentheid in die munisipale gebied wil organiseer of aanbied moet ten minste een maand voor die gebeurtenis by die munisipaliteit 'n afvalbestuursplan indien wat insluit die afvalbestuursdienste wat voorsien sal word en enige ander inligting wat deur die munisipaliteit vereis word.
- (3) Die munisipaliteit mag afhange van die grootte, aard en duur van die geleentheid, voorwaardelike vrystelling van subartikel (2) toestaan;
- (4) 'n Persoon wat verantwoordelik is vir 'n nuwe ontwikkeling moet voor die aanvang daarvan en tydens die ontwikkeling 'n geïntegreerde afvalbestuursplan indien insluitende sodanige inligting as wat die munisipaliteit mag benodig.
- (5) Die munisipaliteit mag van 'n houer van afval wat betrokke is by 'n afvalbestuursaktiwiteit gelys in terme van artikel 19 van die NOB:WA, vereis om 'n geïntegreerde afvalbestuursplan binne 'n spesifieke tyd in te dien en daarna met tussenposes ooreenkomstig die vereistes van nasionale en provinsiale wetgewing of standarde.
- (6) Die munisipaliteit mag van enige houer van afval, uitsluitend huishoudelike afval, vereis om binne 'n redelike tyd en daarna met tussenposes, 'n geïntegreerde afvalbestuursplan, insluitend inligting soos deur die munisipaliteit bepaal, of, indien van toepassing, 'n kopie van sy industrie se afvalbestuursplan soos deur nasionale wetgewing vereis, in te dien.
- (7) Indien 'n geïntegreerde afvalbestuursplan soos na verwys in subartikels (4), (5) of (6) op enige wyse verander of gewysig word, moet die houer van afval die veranderde of gewysigde plan by die munisipaliteit indien.

### 6. Afvalinligtingstelsel

- (1) Die munisipaliteit moet 'n afvalinligtingstelsel daarstel en onderhou insluitende inligting betreffende die vlakke en omvang van afvalbestuursdienste en wanneer vereis, moet sodanige inligting op die SAAIS en die provinsiale afvalinligtingstelsel geplaas word.
- (2) Die munisipaliteit mag van 'n houer van afval vereis om binne 'n redelike tyd of op 'n gereelde basis, van data, dokumente, inligting, monstere van materiale in te dien of te verskaf
- (3) Die munisipaliteit mag 'n persoon of houer van afval wat op die SAAIS of die provinsiale afvalinligtingstelsel geregistreer behoort te wees, versoek om sodanige registrasie te doen en bewys daarvan in te dien of om binne 'n redelike tydperk bewys te lewer dat hy of sy nie 'n afvalbestuursaktiwiteit uitvoer wat sodanige registrasie verplig nie.

### 7. Minimisering en herwinning van afval

- (1) Die munisipaliteit moet ooreenkomstig sy verantwoordelikhede en hulpbronne, maatreëls implementeer om afval te verminder en die herwinning, hergebruik en hersirkulasie van afval insluitende die skeiding van afval by die bron daarvan te bevorder.
- (2) Die munisipaliteit mag op sodanige wyse wat as toepaslik beskou word erkenning gee aan uitstaande prestasie met betrekking tot afvalvermyding, afvalminimisering, herwinning of ander afvalbestuurspraktyke wat omgewingsverantwoordelike en geïntegreerde afvalbestuur bevorder.

### 8. Afvalbestuursaktiwiteite

- (1) Die munisipaliteit mag van 'n houer van afval wat geklassifiseer, opgeteken, geëtiketteer of op enige wyse geassesseer of herassesseer moet word, vereis om bewys te lewer dat dit aan die toepaslike voorskrifte van nasionale en provinsiale wetgewing en standarde voldoen en die munisipaliteit moet ten opsigte van sy eie afvalbestuursaktiwiteite voldoen aan sodanige wetgewing en standarde.
- (2) Die munisipaliteit moet afvalbergingsfasiliteite, voertuigskroting of herwinningsfasiliteite en enige ander fasiliteite waar materiale geskik vir herbenutting of hersirkulasie herwin word, goedkeur, inspekteer en monitor in ooreenstemming met nasionale en provinsiale wetgewing en standarde asook hierdie verordening en mag van die eienaars of okkuperders van sodanige persele vereis om sodanige inligting, planne en rekords as wat die munisipaliteit nodig mag ag, in te dien ten einde die munisipaliteit in staat te stel om sy pligte as afvalbestuursowerheid te vervul.

## HOOFSTUK 3 AFVALVERWYDERING

### 9. Diensvlakke

Die afvalverwyderingsdiensvlakke mag tussen areas verskil gegrond op praktiese en koste- oorweging vir dienslewering. Diensvlakke in gebiede mag wissel tussen-

- (a) terplaas en gereelde gekontroleerde of gemoniteerde wegdoening;
- (b) verwydering deur die gemeenskap na 'n sentrale verwyderingspunt;
- (c) georganiseerde verwydering na 'n sentrale verwyderingspunt en sypaadjie-verwydering; of
- (d) 'n kombinasie van hierdie diensvlakke.

### 10. Verpligte gebruik van diens

- (1) Niemand, uitgesonderd die munisipaliteit of 'n persoon deur die munisipaliteit daartoe gemagtig, mag afval vanaf enige perseel verwyder of daarmee wegdoen nie en die eienaar of okkuperder van 'n perseel moet van die afvalverwyderingsdiens van die munisipaliteit gebruik maak.
- (2) Die tariewe vir afvalverwydering soos deur die munisipaliteit vasgestel is deur die eienaar betaalbaar aan die munisipaliteit, ongeag of van die diens gebruik gemaak word, al dan nie, uitgesonderd waar vrystelling ingevolge artikel 66 verleë is.
- (3) Die afvalverwyderingsdiens gelewer ingevolge subartikel (1) sal vervat word in die diensooreenkoms gesluit met die munisipaliteit, welke ooreenkoms skriftelik gewysig mag word om voorsiening te maak vir 'n toename in die frekwensie of volume van die afvalverwyderingsdiens indien so vereis deur die munisipaliteit of op versoek van die eienaar of okkuperder van 'n huishoudelike of besigheidsperseel.

- (4) Beskikbaarheidsgelde mag op onbeboude persele gehê word.
- (5) Die munisipaliteit mag bepaal watter afval items nie geskik is vir verwydering nie of as lywige afval geklassifiseer kan word en, indien sodanige bepaling gemaak word, mag die munisipaliteit vir die eienaar van die afval of okkupeerder van die perseel 'n proses vir verwydering en wegdoening van sodanige afval aanbeveel.
- (6) Indien die munisipaliteit se geskeduleerde afvalverwyderingsdienste vir watter rede ookal onderbreek word, moet die munisipaliteit die diens so gou as redelik moontlik hervat en agterstande as 'n prioriteit hanteer.

### 11. Frekwensie

- (1) Die munisipaliteit moet huishoudelike afval en besigheidsafval ten minste een keer per week op geskeduleerde datums vir die verskillende gebiede verwyder. Indien verwyderingsreëlins hersien word, moet okkupeerders of eienaars vooraf kennis gegee word.
- (2) Die munisipaliteit mag bepaal watter besigheidpersele afval genereer wat as daaglikse beskou kan word en mag opdrag gee dat die frekwensie van verwydering verhoog word soos voorsien in artikel 10(3).
- (3) Indien die munisipaliteit van mening is dat 'n besigheid 'n oorlas, gesondheidsrisiko, reukergernis of gevaar vir openbare gesondheid veroorsaak omdat afval nie oor naweke verwyder word nie, mag dit die eienaar of okkupeerder opdrag gee om—
  - (a) die nodige stappe te neem om die oorlas of gesondheidsrisiko te verwyder of uit die weg te ruim; of
  - (b) die afval op eie koste te verwyder na 'n munisipale fasiliteit wat op daardie tyd beskikbaar mag wees.
- (4) 'n Eienaar of okkupeerder van 'n besigheidperseel wat 'n weeklikse afvalverwyderingsdiens ontvang mag, soos voorsiening gemaak in artikel 10(3), skriftelik by die munisipaliteit aansoek doen om die verwyderingsdiens meermale per week te ontvang indien beskikbaar.

### 12. Volume

- (1) Die munisipaliteit mag—
  - (a) die aantal houers bepaal wat per afvalverwydering vanaf elke residensiële perseel verwyder word;
  - (b) die volume afval bepaal wat per afvalverwydering van elke besigheidperseel verwyder sal word, gebaseer op 'n inspeksie van die afval volumes; en
  - (c) die maksimum hoeveelheid besigheidsafval bepaal wat vir verwydering geplaas mag word sonder die voorsiening van 'n addisionele diens of die betaling van addisionele gelde.
- (2) Indien die munisipaliteit die voorsiening van 'n addisionele diens aan 'n residensiële of besigheidperseel vereis, of die eienaar of okkupeerder versoek skriftelik dat die aantal goedgekeurde houers per afvalverwydering verhoog word, moet dit ooreenkomstig artikel 10(3) geskied.

### 13. Afvalhouers

- (1) Die munisipaliteit sal slegs huishoudelike afval en besigheidsafval wat in 'n goedgekeurde afvalhouer geplaas is op 'n plek en in 'n toestand soos vasgestel, verwyder.
- (2) Die munisipaliteit sal ooreenkomstig die afvalverwyderingsdiens wat in 'n gebied gelewer word, die volgende voorsien—
  - (a) elke individuele huishouding in hoë digtheidsgebiede met afvalsakke;
  - (b) elke enkelresidensiële perseel met een afvalhouer; en
  - (c) elke groepsontwikkeling of ander perseel wat huishoudelike afval genereer soos skole, kerke en hospitale met die aantal afvalhouers soos deur die munisipaliteit bepaal.
- (3) Indien die eienaar of okkupeerder van 'n besigheid -of residensiële perseel insluitende 'n groepsontwikkeling meer afvalhouers benodig, hetsy op skriftelike versoek of soos vereis deur die munisipaliteit, mag die munisipaliteit teen die voorgeskrewe gelde addisionele afvalhouers voorsien en 'n terugbetaalbare deposito vereis wat die eienaar of okkupeerder moet betaal voor aflewering daarvan by die perseel.
- (4) Afvalhouers deur die munisipaliteit voorsien ingevolge subartikels (2) en (3) moet:
  - (a) die munisipaliteit se eiendom bly;
  - (b) op koste van die eienaar of okkupeerder vervang word in die geval van beskadiging daarvan; en
  - (c) in die geval van diefstal, op koste van die eienaar of okkupeerder vervang word teen die werklike koste daarvan.
- (5) Waar die munisipaliteit self 'n houer as vermis waarneem, en geen versoek om vervanging ingedien is nie, mag die munisipaliteit dit vervang en die koste daarvan van die eienaar of okkupeerder verhaal.
- (6) In die geval van beskadiging veroorsaak deur die eienaar of okkupeerder se nalatigheid, mag die houer deur die munisipaliteit vervang word na ontvangs van 'n skriftelike versoek en betaling van die vervangingskoste;
- (7) Die eienaar of okkupeerder van 'n residensiële -of besigheidperseel sal verantwoordelik wees om die perseel se nommer op sy of haar houers aan te bring vir maklike identifisering daarvan en om munisipale werknemers te help met terugplasing daarvan by die regte perseel.
- (8) Houers vir die tydelike berging van afval by besigheids -of residensiële persele moet in goeie toestand onderhou word en geskik wees vir die veilige berging van afval sodat beskadiging van die omgewing en skade aan gesondheid voorkom word.
- (9) Geen persoon mag toelaat dat 'n dier in sy of haar beheer met 'n houer wat vir verwydering uitgeplaas is lol of dit omgooi of beskadig nie.
- (10) Die eienaar of okkupeerder van 'n besigheid of residensiële perseel moet verseker dat—
  - (a) 'n houer nie warm as, oop glasstukke of ander huishoudelike afval of besigheidafval insluitende daaglikse bevat wat die munisipale werknemers in die uitvoering van hul pligte kan beseer of skade aan die houer kan veroorsaak nie;
  - (b) geen stowwe of materiale, insluitende enige vloeistof, wat as gevolg van massa of ander eienskappe die hantering van 'n houer deur die munisipale werknemers onredelik moeilik sal maak, daarin geplaas word nie;
  - (c) houers toegehou word vir skoon en higiëniese toestande en om dier -en inseksteurnisse en windgewaaide rommel te voorkom;
  - (d) houers op 'n dag en tyd soos deur die munisipaliteit buite die ingang tot die perseel geplaas word soos per geskrewe kennisgewing aan die eienaar of die okkupeerder gespesifiseer;
  - (e) voorsiening gemaak word vir spasie en enige ander fasiliteit wat die munisipaliteit nodig ag vir die berging van houers op 'n perseel en die toegelate spasie vir die munisipaliteit se afvalverwyderingsvoertuie gerieflike toegang en uitgang bied;
  - (f) die sypaadjie voor en aangrensend tot die perseel skoon en vry van afval gehou word.
- (11) Indien daaglikse genereer word moet die eienaar of okkupeerder verseker dat—
  - (a) dit nie in 'n houer geplaas word waar dit 'n ander afvalstroom kan kontamineer nie;
  - (b) die houers nie meer as 20 meter vanaf die ingang tot die perseel waarvandaan die afval deur die munisipaliteit verwyder word, geplaas word nie.

(12) Nieteenstaande enigiets tot die teendeel in hierdie verordening vervat, mag die munisipaliteit in aggenome die voorkoming van steurnisse en die gemak van afvalverwydering, 'n spesifieke posisie binne of buite 'n betrokke perseel aandui waar houters vir afvalverwydering geplaas moet word.

(13) Niemand mag enige vullissakke of goedgekeurde houer wat ander afval as huishoudelike -of besigheidafval bevat, buite 'n perseel plaas tensy die munisipaliteit dit vir spesifieke doeleindes goedgekeur het nie.

(14) Niemand mag 'n afvalhouer gebruik of iemand toelaat om dit te gebruik vir doeleindes ander dan die berging van afval nie.

(15) 'n Gemagtigde beampte mag, indien hy of sy 'n Vredesbeampte is, beslag lê op 'n afvalhouer wat in besit gevind word van 'n persoon wie nie die eienaar of okkupeerder is van die perseel ten opsigte waarvan sodanige afvalhouer uitgereik is nie.

(16) 'n Afvalhouer waarop beslag gelê is ingevolge subartikel (15), moet aan die regmatige eienaar daarvan terugbesorg word waar sy of haar besonderhede aan die gemagtigde beampte bekend is. Indien daar op die afvalhouer beslag gelê is vir doeleindes van kriminele vervolging, moet dit aan 'n polisiebeampte oorhandig word ingevolge artikel 23 van die Strafproseswet, 1977.

#### **14. Gemeenskapsverwydering**

(1) Die munisipaliteit sal in hoë digtheidsgebiede waar 'n volhoubare huishoudelike afvalverwyderingsdiens gelewer kan word, die afval van individuele huishoudings op 'n weeklikse basis verwyder.

(2) Die munisipaliteit sal geskikte grootmaathouers plaas by sentrale gemeenskapsverwyderingspunte wat duidelik, afgebakende areas sal wees.

(3) Die grootmaathouers moet volgens munisipale spesifikasies wees en die plasing daarvan moet sover moontlik—

- (a) aan die gemeenskap veilige en maklike toegang daartoe bied;
- (b) windgewaaide rommel voorkom;
- (c) maklike toegang bied aan die munisipaliteit se afvalverwyderingsvoertuie.

(4) Die afval sal sover as redelik moontlik een keer per week verwyder word of binne 24 uur nadat 'n grootmaathouer as vol by die munisipaliteit aangemeld is.

(5) Afvalskeding by bron sal ten opsigte van gemeenskapsverwydering aangemoedig word en indien lewensvatbaar, sal afsonderlike grootmaathouers vir nie-herwinbare en herwinbare afval by die gemeenskapsverwyderingspunte voorsien word.

#### **15. Verwydering en wegdoening in landelike gebiede**

(1) Waar dit nie vir die munisipaliteit ekonomies lewensvatbaar is om grootmaatafvalhouers of enige ander vorm van afvalverwydering in die landelike gebiede te voorsien nie, word gemeenskappe en boere aangemoedig om van die munisipaliteit se fasiliteite gebruik te maak vir die wegdoening van afval by aangewese afvalhanterings -of afvalstortingsfasiliteite.

(2) Nieteenstaande bogenoemde, sal die munisipaliteit met plaaslike gemeenskappe saamwerk om koste-effektiewe maniere te vind waardeur afvalverwyderingspraktyke na die landelike gebiede uitgebrei kan word.

#### **16. Herwinning**

(1) Die munisipaliteit mag enige eienaar of okkupeerder van 'n besigheid -of residensiële perseel of enige houer van afval in gebiede deur die munisipaliteit bepaal, versoek om—

- (a) afval te skei in herwinbare afval, byvoorbeeld e-afval, plastiek, papier en glas en nie-herwinbare afval ingevolge die voorskrifte van die munisipaliteit;
- (b) afval te skei in organiese afval soos kosafval, tuinafval, of ander afval van organiese aard;
- (c) verskillende houters vir die afval wat so geskei is, te gebruik inooreenstemming met die munisipaliteit se aanwysings of soos deur die munisipaliteit voorsien;
- (d) die houters gevul met herwinbare afval op 'n tyd en dag soos deur die munisipaliteit bepaal buite die ingang tot die perseel te plaas of, indien so versoek, dit aflaaï by plekke, soos deur die munisipaliteit aangedui; en
- (e) enige ander redelike voorgeskrewe prosedures te volg.

(2) Die munisipaliteit mag aflaaïstasies skep op plekke wat maklik toeganklik en veilig is vir die publiek.

#### **17. Opgaar van afval**

(1) Die eienaar of okkupeerder van 'n besigheid of residensiële perseel moet seker maak dat alle huishoudelike -of besigheidafval op die perseel gegenerer uitgeplaas word vir verwydering en nie opgehoop word nie.

(2) 'n Eienaar of okkupeerder bedoel in subartikel (1) mag nie afval plaas op 'n sypaadjie of padreserwe vir verwydering op dae wat nie geskeduleer is vir afvalverwydering nie.

(3) Waar 'n tipe of hoeveelheid afval nie deur die munisipaliteit of 'n gelisensieerde diensverskaffer op 'n gereelde basis deur verwyder word nie, moet die eienaar of okkupeerder van die perseel of die houer van die afval reëlings tref vir die verwydering, vervoer en wegdoening van die afval by 'n afvalhanterings -of afvalstortingsfasiliteit so dikwels as nodig om enige oorlas of nadelige uitwerking op menslike gesondheid of die omgewing te voorkom.

(4) Die munisipaliteit mag enige perseel waar afval, ongeag die tipe, opgehoop word, betree en die persoon wat die afval genereer of die eienaar of die okkupeerder van die perseel beveel om die afval onmiddellik te verwyder by versuim waarvan die munisipaliteit mag voortgaan om dit self te doen op koste van die persoon verantwoordelik vir die opgaar daarvan..

## **HOOFSTUK 4 HANTERING VAN VERSKILLENDE Tipes AFVAL**

### **Deel 1 Tuinafval**

#### **18. Kompostering**

Die eienaar of okkupeerder van 'n perseel waarop tuinafval gegenerer word mag die tuinafval op die perseel komposteer, met dien verstande dat sodanige kompostering nie 'n ergernis veroorsaak of 'n nadelige uitwerking op menslike -en omgewingsgesondheid het nie.

**19. Verwydering en wegdoening met tuinafval**

- (1) Die eienaar of okkuperder van 'n perseel waarop nie-komposteerbare tuinafval gegenereer word moet binne 'n redelike tyd nadat sodanige afval gegenereer is, die afval verwyder en daarmee wegdoen by die naaste afvalhantering –of afvalstortingsfasiliteit, tensy die munisipaliteit anders bepaal.
- (2) Op versoek van die eienaar of okkuperder van enige perseel kan die munisipaliteit tuinafval van die perseel verwyder onderhewig aan betaling van die koste en onderworpe aan die voorwaardes deur die munisipaliteit vasgestel.
- (3) 'n Afvalhouer wat deur die munisipaliteit voorsien is vir die wegdoen van tuinafval, mag nie deur enigiemand gebruik word vir die wegdoening van huishoudelike of ander vorme van afval nie.

**Deel 2  
Lywige Afval****20. Verwydering en wegdoening**

- (1) Die eienaar of okkuperder van 'n perseel waarop lywige afval gegenereer word, moet verseker dat sodanige afval binne veertien dae na generering daarvan verwyder en mee weggedoen word by 'n afvalhantering –of afvalstortingsfasiliteit deur die munisipaliteit bepaal.
- (2) Op die versoek van die eienaar of die okkuperder van enige perseel, mag die munisipaliteit lywige afval vanaf die perseel verwyder teen die voorgeskrewe tarief mits dit maandeliks is met die beskikbare toerusting.

**Deel 3  
Bouafval****21. Planne en inspeksie**

- (1) Die eienaar of okkuperder of enige persoon verantwoordelik vir die indiening van bouplanne vir 'n nuwe gebou of 'n verandering aan 'n bestaande gebou moet in die planne die wyse aandui waarop bouafval hanteer sal word.
- (2) 'n Gemagtigde beampte van die munisipaliteit moet 'n inspeksie doen en verifieer dat die afvalreëlings soos beoog in subartikel (1), wel nagekom is en alle bouafval mee weggedoen is as deel van die munisipaliteit se finale aftekening van die bou-aktiwiteite.

**22. Generering en berging**

- (1) Nieteenstaande die afvalreëlings beoog in artikel 21, moet die eienaar of okkuperder van 'n perseel waarop bouafval gegenereer word of die persoon betrokke by die aktiwiteit wat sodanige afval genereer, verseker dat—
  - (a) alle bouafval en die houers vir die berging daarvan gehou word op die perseel waar die bouafval gegenereer word;
  - (b) die perseel waarop die bouafval gegenereer word nie onooglik of 'n ergenis word as gevolg van die ophaar daarvan nie; en
  - (c) enige bouafval wat van die perseel gewaai word, sonder versuim herwin word.
- (2) Op skriftelike versoek en onderhewig aan voorwaardes soos wat deur die munisipaliteit vasgestel mag word, mag die munisipaliteit die gebruik van 'n goedgekeurde grootmaathouer wat vir 'n gespesifiseerde tydperk op die grens van die perseel geplaas word, goedkeur.
- (3) Die munisipaliteit mag 'n eienaar of okkuperder van 'n perseel waarop bouafval gegenereer word of die persoon betrokke by die aktiwiteit wat sodanige afval genereer, opdrag gee om spesiale houers vir die wegdoening van die afval te gebruik en mag 'n tarief vir die gebruik van sodanige houers vasstel, indien dit deur die munisipaliteit verskaf word.

**23. Verwydering en wegdoening**

- (1) Die eienaar of okkuperder van 'n perseel waarop bouafval gegenereer word of die persoon betrokke by die aktiwiteit wat sodanige afval genereer, moet verseker dat alle bouafval deurentyd gedurende konstruksie verwyder en mee weggedoen word om onnodige ophoping te voorkom.
- (2) Bouafval moet weggedoen word by 'n afvalhantering of afvalstortingsfasiliteit deur die munisipaliteit bepaal.

**Deel 4  
Spesiale Industriële, Gesondheidsorg en Gevaarlike Afval****24. Kennisgewing en verifiëring**

- (1) 'n Persoon wat betrokke is by aktiwiteite wat spesiale industriële, gevaarlike -of gesondheidsorgafval sal genereer, moet voor die generering van sodanige afval die munisipaliteit skriftelik in kennis stel van—
  - (a) die verwagte of vasgestelde samestelling van sodanige afval;
  - (b) die hoeveelheid wat gegenereer sal word;
  - (c) hoe en waar dit geberg sal word;
  - (d) hoe dit verwyder en mee weggedoen sal word; en
  - (e) die identiteit van die gelisensieerde diensverskaffer wat verantwoordelik sal wees vir die verwydering, vervoer en wegdoening daarvan.
- (2) 'n Persoon wat betrokke is in die afvalaktiwiteite waarna verwys word in subartikel (1) en wat daargestel is en in bedryf was voor die inwerkingtreding van hierdie verordening, moet die munisipaliteit binne negentig dae vanaf die inwerkingtreding van hierdie verordening skriftelik daarvan in kennis stel en die inligting soos bedoel in subartikel (1) voorsien.
- (3) Indien die munisipaliteit dit vereis moet 'n kennisgewing soos na verwys in subartikel (1) of (2) gestaaf word deur—
  - (a) 'n assessering en analise van die afval se samestelling gesertifiseer deur 'n toepaslik gekwalifiseerde industriële chemikus;
  - (b) veiligheids datablaaie of voltooië afvaldokumente; en
  - (c) sodanige ander rekords wat vereis word om nakoming van toepaslike wetgewing, nasionale standaard en SANS Kodes te verifieer.
- (4) Die persoon waarna verwys word in subartikel (1) of (2) moet ingeval van enige veranderinge en jaarliks voor of op 30 Junie, by die munisipaliteit 'n skriftelike verslag indien wat—
  - (a) al die inligting insluit soos in subartikel (1);
  - (b) die stawende dokumente soos aangedui in subartikel (3) bevat; en
  - (c) enige ander inligting wat redelikerwys benodig mag word.

(5) 'n Gemagtigde beampte mag op enige redelike tyd, 'n perseel betree om seker te maak of die afval waarna subartikel (1) verwys op die perseel gegeneer of geberg word en hy of sy mag monstere neem en enige afval wat op die perseel gevind word toets om die samestelling daarvan vas te stel.

#### **25. Berging**

(1) Spesiale industriële, gesondheidsorg -en gevaarlike afval wat op 'n perseel gegeneer word moet op die perseel geberg word in 'n goedgekeurde houder totdat dit verwyder word en dit moet dienoreenkomstig toepaslike wetgewing, nasionale standaarde en SANS Kodes en op so wyse geberg word dat dit nie 'n ergernis of skade aan menslike gesondheid of besoedeling van die omgewing kan veroorsaak nie.

(2) Indien die afval waarna in subartikel (1) verwys word nie in ooreenstemming met hierdie voorskrifte geberg word nie, mag die munisipaliteit inligting van die inhoud, hoeveelheid en aanvangsdatum van berging vereis en indien sodanige inligting nie beskikbaar is nie mag die munisipaliteit die persoon wat die afval genereer of die eienaar of die okkupeerder van die perseel waarop sodanige afval geberg word opdrag gee om onmiddellik die afval te verwyder by versuim waarvan die munisipaliteit self mag voortgaan om dit te doen op koste van die eienaar of okkupeerder van die perseel waarop die afval geberg word.

#### **26. Verwydering en wegdoening**

(1) Slegs 'n gelisensieerde diensverskaffer mag spesiale industriële, gesondheidsorg -en gevaarlike afval vanaf die perseel waar dit geberg word verwyder en daarmee wegdoen by 'n afvalstortingsterrein wat dienoreenkomstig gelisensieer en deur die munisipaliteit aangewys is om sodanige afval te ontvang indien die stortingsterrein binne die munisipaliteit geleë is. Indien daar geen stortingsterrein vir sodanige afval binne die munisipale gebied is nie, moet dit by 'n toepaslik gelisensieerde stortingsterrein weggedoen word.

(2) 'n Gelisensieerde diensverskaffer moet die afval waarna in subartikel (1) verwys word, verwyder, vervoer en mee wegdoen in ooreenstemming met die terme en voorwaardes van sy lisensie en in nakoming van toepaslike wetgewing, nasionale standaarde en SANS Kodes.

### **Deel 5 Industriële Afval en Spesiale Afval**

#### **27. Berging**

Die eienaar of okkupeerder van 'n perseel waarop industriële afval of spesiale afval gegeneer word moet verseker dat tot tyd en wyl die afval deur 'n gelisensieerde diensverskaffer van sodanige perseel verwyder word—

- (a) die afval dienoreenkomstig toepaslike wetgewing, nasionale standaarde en SANS Kodes geberg word in goedgekeurde houers wat nie op 'n openbare plek gehou word nie; en
- (b) geen ergernis, gesondheidsrisiko of omgewingskade tydens die generering of berging van die afval veroorsaak word nie.

#### **28. Verwydering en wegdoening**

(1) Slegs 'n gelisensieerde diensverskaffer mag industriële -of spesiale afval vanaf die perseel waar dit geberg word verwyder en wegdoen by 'n afvalstortingsterrein wat dienoreenkomstig gelisensieer en deur die munisipaliteit aangewys is om sodanige afval te ontvang.

(2) 'n Gelisensieerde diensverskaffer moet die afval waarna in subartikel (1) verwys word, verwyder, en daarmee wegdoen in ooreenstemming met die terme en voorwaardes van sy lisensie en onderhewig aan die vereistes van enige toepaslike wetgewing, nasionale standaarde en SANS Kodes.

(3) Die munisipaliteit mag spesifieke tye bepaal vir die ontvangs van spesiale afval by die terrein waarna in subartikel (1) verwys word.

### **Deel 6 Bande, Verlate Voertuie of Masjinerie en Afvalmetaal**

#### **29. Berging en wegdoening**

(1) Geen eienaar of okkupeerder van 'n perseel met 'n operasionele area groter as die area soos bepaal ingevolge GK R921 van 29 November 2013 (Lys van afvalaktiwiteite wat waarskynlik 'n nadelinge invloed op die omgewing mag hê) mag afvalbande, verlate, geskrapte, afgetakelde, gesloopte of herwinde voertuie of masjinerie of afvalmetaal tydelik berg of opgaan tensy die afvalbestuursaktiwiteit ooreenkomstig nasionale standaarde bestuur word of gelisensieer is ingevolge nasionale wetgewing, soos toepaslik.

(2) Afval soos bedoel in subartikel (1) word nie by enige van die munisipaliteit se afvalhantering -of afvalstortingsfasiliteite aanvaar nie en enige persoon wat met enige van hierdie artikels moet wegdoen, moet daarmee wegdoen by 'n afvalstortingsterrein soos deur die munisipaliteit aangewys en volgens die voorwaardes wat vir sodanige afvalstortingsterrein geld.

(3) Die munisipaliteit mag die perseel van enige persoon bedoel in subartikel (1) betree en bewyse van enige planne insluitende 'n geïntegreerde afvalbestuursplan, lisensies of ander tersaaklike dokumente versoek om nakoming van toepaslike wetgewing te verifieer.

### **Deel 7 Herwinbare Afval**

#### **30. Berging, verwydering en wegdoening**

(1) 'n Eienaar of okkupeerder van 'n perseel of enige ander persoon mag nie herwinbare afval tydelik opgaan, sorteer of berg op enige perseel binne die munisipale gebied nie tensy dit gedoen word in ooreenstemming met subartikel (2).

(2) Enige eienaar of okkupeerder van 'n perseel of enige ander persoon moet voor die aanvang van 'n aktiwiteit wat die hergebruik, herwinning of herwinning van afval behels, nakoming van nasionale en provinsiale wetgewing en standaarde en toepaslike SANS Kodes ten opsigte van die afvalaktiwiteit verseker en die munisipaliteit voorsien met 'n afskrif van 'n geïntegreerde afvalbestuursplan en sodanige ander inligting as wat die munisipaliteit mag vereis.

(3) Slegs 'n gelisensieerde diensverskaffer mag herwinbare afval vanaf die perseel waar dit gegeneer word of van ander afval geskei word, verwyder en daarmee wegdoen by 'n afvalhantering - of afvalstortingsfasiliteit deur die munisipaliteit aangewys om sodanige afval te ontvang.

## Deel 8 Landbou -en Plaasafval

### 31. Wegdoening

- (1) 'n Eienaar of okkupeerder van plaasgrond mag met algemene afval, wat landbou –en plaasafval insluit, op die grond wegdoen mits dit gedoen word ooreenkomstig die bepalings van GK 921 gedateer 23 November 2013, uitgevaardig ingevolge NEM:WA, asook die relevante SANS kodes.
- (2) Die munisipaliteit wil grondeienaars aanmoedig om afval te berg totdat genoeg opgegaan is om te vervoer en dit dan te vervoer na die naaste wegdoenfasiliteit. Indien die bergingsgebied 100m<sup>3</sup> vir algemene afval oorskry, en 80m<sup>3</sup> vir gevaarlike afval, moet die grondeenaar by die Departement van Water & Sanitasie registreer en voldoen aan die NEM:WA “Nasionale Norme en Standaarde vir die Berging van Afval gepubliseer in GK 926 van 29 November 2013. Waar afval egter nie langer as 90 dae geberg word nie, is die Norme en Standaarde nie van toepassing nie.
- (3) 'n Eienaar of okkupeerder van plaasgrond mag nie op die grond met enige hoeveelheid gevaarlike afval, wat in landbouafval aanwesig mag wees, wegdoen nie tensy hy of sy in besit is an 'n toepaslike afvalbestuurslisensie ingevolge nasionale wetgewing en, indien van toepassing, provinsiale wetgewing.
- (4) 'n Gemagtigde beampte van die munisipaliteit mag 'n eienaar of okkupeerder van plaasgrond wat hy of sy vermoed met gevaarlike afval of 'n groter hoeveelheid algemene afval as toegelaat op die grond wegdoen, versoek om bewys te lewer van die lisensies waarna in subartikels (2) of (3) verwys word en, ongeag die inhoud of die hoeveelheid van die afval waarmee op die grond weggedoen word, mag die munisipaliteit die eienaar of okkupeerder ook versoek om binne 'n neergelegte tydsraamwerk, 'n geïntegreerde afvalbestuursplan by die munisipaliteit in te dien.
- (5) 'n Eienaar of okkupeerder van plaasgrond mag skriftelik aansoek doen om van die munisipaliteit se afvalhantering –en afvalstortingsfasiliteite gebruik te maak, welke goedkeuring aan die applikant toegang sal bied tot die munisipaliteit se wegdoenfasiliteite op die voorwaardes deur die munisipaliteit bepaal.

## HOOFSTUK 5 VERVOER EN WEGDOENING

### Deel 1 Vervoer van Afval

### 32. Veilige vervoer

Niemand mag—

- (a) 'n voertuig vir die vervoer van afval op 'n openbare pad gebruik tensy die bakwerk van die voertuig in terme van grootte en ontwerp voldoende is vir die tipe afval wat vervoer word; of
- (b) versuim om 'n voertuig wat vir die vervoer van afval gebruik word so te onderhou dat dit ten alle tye in 'n skoon, higiëniese en padwaardige toestand is.

### 33. Geen vermorsing of verspilling

'n Persoon wat afval deur die munisipale gebied vervoer moet verseker dat—

- (a) los afval op 'n oop voertuig bedek is met 'n seil of gepaste net; en
- (b) geen afval losraak, lek of afval van die voertuig wat dit vervoer nie.

### 34. Wetlike nakoming

'n Persoon wat afval vervoer, spesifiek gevaarlike afval, moet verseker dat hy of sy alle relevante nasionale en provinsiale wetgewing, nasionale standaarde en SANS Kodes, nakom.

### Deel 2 Wegdoening met Afval

### 35. Toegelate gebruik

- (1) Die munisipaliteit mag voorskryf watter tipes afval by 'n spesifieke afvalhantering –of afvalstortingsfasiliteit weggedoen mag word soos toegelaat ooreenkomstig die lisensievoorskrifte van elke fasiliteit.
- (2) Verskillende tariewe is van toepassing op die wegdoening van verskillende tipes en volumes afval, maar inwoners word toegelaat om gratis weg te doen met 'n sekere volume algemene afval soos deur die munisipaliteit bepaal.

### 36. Aanspreeklikheid

- (1) Niemand mag met afval wegdoen by 'n afvalstortingsfasiliteit wat nie vir die ontvangs van sodanige afval gelisensieer is nie en enige persoon wat enige van die munisipale voorskrifte soos beoog ingevolge artikel 35(1) oortree, sal aanspreeklik gehou word vir alle redelike koste deur die munisipaliteit aangegaan om die afval waarmee onregmatig weggedoen is, te verwyder en andersins mee te handel.
- (2) Die munisipaliteit sal nie aanspreeklik wees vir enige eis voortspruitend uit toegang tot enige afvalhantering –of afvalstortingsfasiliteit nie en enige persoon wat enige van die terreine van sodanige fasiliteite betree doen dit op eie risiko.

### 37. Toegang tot fasiliteite

- (1) Niemand mag 'n afvalhantering –of afvalstortingsfasiliteit betree vir enige ander rede as die wegdoening van afval ingevolge hierdie verordening nie en slegs op tye en tussen ure soos deur die munisipaliteit bepaal en aangedui op 'n duidelik sigbare kennisgewingsbord by die ingang van die afvalhantering –of afvalstortingsfasiliteit.
- (2) 'n Persoon wat 'n afvalhantering –of afvalstortingsfasiliteit betree vir die wegdoening van afval moet—
- (a) by die fasiliteit in –en uitgaan by die aangewese in –en uitgange;
- (b) alle besonderhede rakende die bron en samestelling van die afval verskaf en die munisipaliteit mag sodanige afval inspekteer; en
- (c) alle instruksies volg rakende die werklike storting, oorlaai of herwinningspunt en die plek waar en wyse waarop die afval afgelaai moet word.

(3) Niemand mag enige bedwelgende drank of narkotiese middel in enige van die munisipaliteit se afvalhantering –of afvalstortingsfasiliteite inbring nie.

(4) Die munisipaliteit mag die maksimum grootte van 'n voertuig wat toegelaat sal word om 'n afvalhantering –of afvalstortingsfasiliteit binne te gaan, voorskryf.

### 38. Aanvaarding van afval van ander

(1) Die munisipaliteit mag 'n aansoek van 'n ander munisipaliteit om met afval weg te doen by 'n afvalstortingsfasiliteit, oorweeg met dien verstande dat die aanvaarding van sodanige afval geen nadelige uitwerking sal hê op die munisipaliteit se bevoegdheids- en eienaarskap van sodanige afvalstortingsfasiliteit nie.

(2) Die munisipaliteit mag 'n persoon toelaat om by 'n aangewese afvalstortingsfasiliteit weg te doen met afval wat buite die munisipaliteit se gebied gegeneer is, met dien verstande dat so persoon eers ingevolge hierdie verordening 'n gelisensieerde diensverskaffer moet word.

(3) Die munisipaliteit se tariewe van toepassing op gelisensieerde diensverskaffers soos in subartikel (2) verwys, mag verskil van die tariewe vir ander gelisensieerde diensverskaffers.

## HOOFSTUK 6 AFVALSTROOIING EN STORTING

### 39. Voorsiening van fasiliteite vir afval

(1) Die munisipaliteit moet redelike stappe neem om te verseker dat genoeg goedgekeurde houers vir die wegdoen van afval voorsien word op enige perseel waartoe die publiek toegang het.

(2) Die eienaar of okkupeerder van private grond waartoe die publiek toegang het moet verseker dat genoegsame houers voorsien word vir die wegdoen van afval deur die publiek.

### 40. Afvalstrooiing en storting

(1) Niemand mag enige afval laat val, gooi, plaas, mors, stort of op enige ander manier daarvan ontslae raak in of op enige openbare plek, openbare pad, munisipale riool, grond, onbeboude erf, stroom of enige ander plekke wat ingevolge hierdie verordening nie toelaatbaar is nie of enige persoon onder sy of haar beheer toelaat om dit te doen nie.

(2) 'n Eienaar of okkupeerder van 'n besigheidsperseel mag nie toelaat dat afval op 'n sypaadjie, padreserwe of enige vakante eiendom aangrensend sy of haar perseel ophoop nie.

(3) 'n Gemagtigde beampte mag teen 'n oortreding van subartikel (1) optree deur 'n geskrewe kennisgewing wat sodanige persoon beveel om—

- (a) die oortreding binne 'n bepaalde tyd te stop;
- (b) 'n herhaling van die oortreding of 'n verdere oortreding te voorkom;
- (c) enige maatreëls te neem wat die munisipaliteit as nodig beskou om die afval te verwyder of skoon te maak en die aangetaste omgewing binne 'n bepaalde tyd te rehabiliteer; of
- (d) 'n boete te betaal of in die hof te verskyn ingevolge die bepalings van artikel 56 van die Strafproseswet, 1977, (Wet 51 van 1977).

(4) Niemand mag op enige perseel afval verwyder uit 'n goedgekeurde afvalhouer wat geplaas is vir vewydering nie of daarmee peuter nie.

(5) 'n Eienaar of okkupeerder van grond of 'n perseel of enige ander persoon in beheer van grond of 'n perseel, mag nie grond of 'n perseel vir ongewettigde storting van afval gebruik of toelaat dat 'n ander dit doen nie en moet alle redelike stappe neem om sodanige gebruik van die grond of perseel te voorkom.

(6) Indien die munisipaliteit dit nodig vind om afval vanaf grond of 'n perseel te verwyder, sal die eienaar, okkupeerder of persoon wat beheer uitoefen oor die grond of perseel aanspreeklik gehou word vir die koste van die sodanige verwydering.

(7) In die geval van gevaarlike afval, sal die munisipaliteit sodanige afval so spoedig moontlik verwyder of laat verwyder en daarna die nodige kennisgewings uitreik aan die persoon aanspreeklik vir die verwyderingskoste en die rehabilitasie van die omgewing.

(8) Die eienaar van private grond waartoe die publiek toegang het, moet verseker dat genoeg houers voorsien word vir afval wat deur die publiek weggedoen word.

### 41. Brand van afval

Die verbranding van afval in die munisipale gebied is verbode sonder die toestemming van die munisipaliteit. Tydens oorweging van 'n aansoek om verbranding moet die munisipaliteit oorweging gee aan die risiko's van brandgevaar asook die moontlike impak op luggehalte, met dien verstande dat die munisipaliteit nie toestemming mag verleen vir verbranding waar die hoeveelheid afval wat verbrand staan te word 10kg per dag oorskry nie.

### 42. Verlate voorwerpe

'n Persoon wat enige artikel wat ingevolge hierdie verordening as afval geklassifiseer kan word agterlaat, is aanspreeklik vir enige skade wat sodanige artikel mag veroorsaak of veroorsaak het sowel as die koste vir die verwydering daarvan nieteenstaande die feit dat sodanige persoon moontlik nie meer die eienaar daarvan mag wees nie.

## HOOFSTUK 7 EKSTERNE DIENSVERSKAFFERS

### Deel 1 Gelisensieerde Diensverskaffers van Kommersiële Dienste

### 43. Lisensie aansoeke

(1) Geen persoon mag kommersiële dienste vir die verwydering en vervoer van afval in die munisipale gebied voorsien tensy hy of sy by die munisipaliteit geregistreer het en 'n lisensie wat hierdie afvalaktiwiteite magtig, bekom het nie.

(2) 'n Aansoek vir 'n lisensie moet skriftelik ingedien word in 'n formaat of op 'n vorm deur die munisipaliteit voorgeskryf en teen betaling van die voorgerekrewe gelde, en tensy subartikel (3) van toepassing is, moet vooraf goedkeuring vir die verwydering en vervoer van afval die munisipaliteit verkry word.

(3) Enige persoon wat reeds kommersiële dienste lewer ten tyde van die inwerkingtreding van hierdie verordening, moet binne negentig dae vanaf die inwerkingtredingsdatum 'n aansoek vir 'n lisensie soos beoog in subartikel (1) indien; 'n persoon wat versuim om sodanige aansoek in te dien mag na die verstryking van die gemelde negentig dae tydperk nie meer afvalverwydering en afvalvervoerdienste in die munisipale area lewer nie.

(4) Die munisipaliteit moet 'n aansoek ingedien ingevolge hierdie artikel binne dertig dae van ontvangs daarvan oorweeg inaggenome die gesondheid, veiligheid –en omgewingsrekord van die applikant en die aard van die kommersiële dienste wat voorsien moet word, en skriftelike redes verskaf indien die aansoek afgekeur is.

(5) Registrasie as diensverskaffer verleen nie aan die diensverskaffer die reg om 'n afvalverwyderingsdiens te lewer behalwe waar 'n vrystelling ingevolge artikels 47 of 66 van toepassing is nie.

#### 44. Terme en voorwaardes van lisensies

(1) 'n Lisensie moet-

- (a) die lisensiehouer duidelik identifiseer;
- (b) die lisensieperiode spesifiseer;
- (c) die kategorieë van afval wat die gelisensieerde diensverskaffer mag verwyder en wegdoen bepaal;
- (d) die inligting wat bygehou moet word en die indieningsvereistes daarvan deur die munisipaliteit vir sy eie geïntegreerde afvalbestuursplan en SAAIS uitspel; en
- (e) ander prosedures wat nodig mag wees vervat.

(2) 'n Lisensie—

- (a) mag nie gesedeer of oorgedra word sonder die toestemming van die munisipaliteit nie;
- (b) is geldig vir een jaar vanaf die datum van uitreiking; en
- (c) is slegs geldig vir die kategorieë afval daarin gespesifiseer.

(3) 'n Lisensiemagtiging moet vir elke voertuig wat in die lisensieaansoek geïdentifiseer is 'n vertoenskyfie insluit wat die lisensie se geldigheidsperiode en die kategorieë afval waarvoor dit toegestaan is aandui, welke skyfie duidelik op die voorste windskerf van die voertuie vertoon moet word.

(4) Die munisipaliteit sal nie afval vir wegdoening by sy afvalhantering –of afvalstortingsfasiliteite vanaf diensverskaffers aanvaar wat nie voldeon aan die vereistes in subartikel (3) nie.

(5) 'n Gelisensieerde diensverskaffer mag nie versuim of weier om die munisipaliteit te voorsien met enige inligting wat redelikerwys betreffende die terme en voorwaardes van 'n lisensie versoek word nie, of vals of misleidende inligting verskaf nie.

(6) 'n Gelisensieerde diensverskaffer is ten volle aanspreeklik vir enige handeling of versuim van enige van sy of haar werknemers indien so handeling of versuim 'n oortreding van die lisensievoorwaardes of 'n nadelige uitwerking op menslike gesondheid of die omgewing het.

#### 45. Hernuwing van lisensies

(1) 'n Lisensie hernuwingsaansoek moet minstens sestig dae voor die verstrykingsdatum daarvan ingedien word en moet binne dertig dae van ontvangs daarvan deur die munisipaliteit oorweeg word; skriftelike redes vir afkeuring moet deur die munisipaliteit verstrek word.

(2) Nieteenstaande enigiets tot die teendeel in hierdie verordening, moet die munisipaliteit 'n lisensie tydelik, vir 'n tydperk wat nie dertig dae mag oorskry nie, verleng indien 'n diensverskaffer die korrekte prosedure soos beoog in subartikel (1) gevolg het en die hernuwingsaansoek as gevolg van munisipale prosesse nog nie oorweeg is nie.

#### 46. Opskorting en herroeping van lisensies

(1) Die munisipaliteit mag 'n lisensie opskort of intrek indien 'n diensverskaffer versuim om enige van sy of haar lisensievoorwaardes of enige ander bepaling van hierdie verordening of enige nasionale of provinsiale wetgewing wat die verwydering, vervoer –en wegdoening van afval reguleer, na te kom of op enige ander gronde wat deur die munisipaliteit as genoegsame rede geag word om 'n lisensie te herroep of op te skort.

(2) Die munisipaliteit moet 'n gelisensieerde diensverskaffer skriftelik kennis gee om binne dertig dae vanaf datum van die kennisgewing van die voorgenome opskorting of intrekking van sy of haar lisensie skriftelike redes in te dien waarom sodanige aksie nie deur die munisipaliteit geneem moet word nie.

(3) Ongeag of verhoë vanaf die diensverskaffer ontvang is moet die munisipaliteit hom of haar binne 14 dae na verstryking van die tydperk vir verhoë van sy besluit in kennis stel.

#### 47. Vrystelling van lisensies

Die munisipaliteit mag 'n diensverskaffer of kommersiële diens van enige of al die bepalings in Deel 1 van Hoofstuk 7 en sodanige ander artikels van hierdie verordening wat die munisipaliteit nodig ag, vrystel.

#### 48. Verbruikersverantwoordelikhede

Die eienaar of okkupeerder van 'n perseel of die houer van afval wat met 'n gelisensieerde diensverskaffer kontrakteer moet verseker dat—

- (a) die diensverskaffer gelisensieër is om die kategorieë van afval waarvoor hy of sy gekontrakteer word te verwyder en te vervoer;
- (b) totdat die gelisensieerde diensverskaffer die afval vanaf die perseel waar dit gegenereer is verwyder, die afval in 'n goedgekeurde houer geberg word en geen ergernis met betrekking tot stof, reuke of gesondheid in die proses van generering, berging of verwydering veroorsaak nie; en
- (c) die diens slegs gelewer word vir die kategorieë van afval wat in die lisensie gemagtig is.

### Deel 2

#### Munisipale Diensverskaffers

#### 49. Uitkontraktering van dienste

Die munisipaliteit mag ooreenkomste aangaan met eksterne diensverskaffers vir die lewering van munisipale afvaldienste en aktiwiteite mits dit gedoen word in ooreenstemming met munisipale, provinsiale en nasionale wetgewing.



**50. Verbruikershandves**

Indien 'n diensverskaffer soos beoog in artikel 49 deur die munisipaliteit aangestel word om 'n diens te lewer aan 'n groot geografiese gebied of 'n aansienlike gedeelte van die bevolking, mag van die diensverskaffer vereis word om in oorleg met die gemeenskap 'n verbruikershandves saam te stel en te aanvaar.

**HOOFSTUK 8  
EIENAARSKAP VAN AFVAL EN TOEGANG TOT PERSELE**

**51. Eienaarskap**

- (1) 'n persoon wat afval genereer is die eienaar daarvan totdat dit deur sodanige persoon beskikbaar gemaak word vir kollektoring deur die munisipaliteit of 'n diensverskaffer ooreenkomstig hierdie verordening.
- (2) Afval word die eiendom van die munisipaliteit sodra dit beskikbaar gestel word vir kollektoring.
- (3) Subartikels (1) en (2) is nie van toepassing op afvalstrome wat deur die munisipaliteit geïdentifiseer is as afval wat nie verwyder mag word nie, of afval wat onwettig mee weggedoen is nie.
- (4) 'n Persoon wat afval genereer soos bedoel in subartikel (3), bly die eienaar daarvan totdat daar wettiglik met die afval weggedoen word.
- (5) Afval op die ondergenoemde persele onder beheer van die munisipaliteit-
  - (a) afval wegdoeningsfasiliteite;
  - (b) afval oorlaaifasiliteite; en
  - (c) fasiliteite waar afval ontvang, geberg, herwin of behandel word,
 is die eiendom van die Munisipaliteit.
- (6) Niemand mag afval op die persele bedoel in subartikel (5) verwyder of daarmee inmeng nie, tensy gemagtig deur die munisipaliteit

**52. Toegang tot persele**

- (1) Indien die uitleg van 'n perseel die munisipaliteit verhinder om afval te verwyder of te hanteer of moontlik kan lei tot die beskadiging van private –of munisipale eiendom of die besering van munisipale werknemers, mag die munisipaliteit van die eienaar of okkuperder vereis om op eie koste sodanige veranderinge soos nodig, aan te bring om enige hindernisse te verwyder.
- (2) Indien die eienaar of die okkuperder versuim of weier om aan die munisipaliteit se versoek gehoor te gee, mag die munisipaliteit die diens aan die perseel opskort en gevrywaar wees teen enige skade of beserings of enige ander eise wat uit die opskorting mag voortspruit.

**HOOFSTUK 9  
NAKOMING EN AFDWINGING**

**53. Nakoming van hierdie verordening en ander wette**

- (1) Die eienaar of okkuperder van 'n perseel is verantwoordelik om nakoming van hierdie verordening te verseker.
- (2) Enige persoon of entiteit wat 'n lisensie of 'n magtiging wat met afval verband hou, moet op versoek van 'n gemagtigde beampte bewys lewer van sodanige lisensie of magtiging.

**54. Magtiging van 'n gemagtigde beampte**

- (1) Die munisipaliteit of 'n diensverskaffer soos beoog ingevolge artikel 49 van hierdie verordening mag enige persoon in sy diens magtig om uitvoering te gee aan die bepalings van hierdie verordening.
- (2) Die afvalbestuursbeampte van die munisipaliteit is 'n gemagtigde beampte.

**55. Funksies en magte van 'n gemagtigde beampte**

'n Gemagtigde beampte mag werk uitvoer, 'n inspeksie doen, monitor en nakoming van hierdie verordening, asook nasionale en provinsiale wetgewing met betrekking tot afvalbestuur, afdwing.

**56. Betekening van kennisgewings en dokumente**

- (1) 'n Kennisgewing of dokument ingevolge hierdie verordening deur die munisipaliteit uitgereik, word geag 'n behoorlik gemagtig te wees indien dit deur 'n gemagtigde beampte onderteken is.
- (2) Indien 'n kennisgewing of dokument ingevolge hierdie verordening op 'n eienaar, okkuperder of enige ander persoon beteken moet word sal dit geag word doeltreffend en afdoende aan sodanige persoon beteken te wees-
  - (a) wanneer dit aan hom of haar persoonlik beteken is of aan sy of haar behoorlik gemagtigde agent;
  - (b) wanneer dit by sy of haar woon, werk –of sakeadres gelaat is by 'n persoon wat klaarblyklik nie jonger as sestien jaar is nie en daar woonagtig of werksaam is;
  - (c) as hy of sy 'n adres vir regsdoeleindes genomineer het en dit by sodanige adres afgelewer is;
  - (d) as hy of sy nie 'n adres vir regsdoeleindes genomineer het nie, die aflewering daarvan by die adres deur hom of haar aangedui in sy of haar aansoek vir die voorsiening van afvaldienste of vir die ontvangs van 'n rekening vir die voorsiening van afvaldienste;
  - (e) wanneer dit per voorafbetaalde, geregistreerde of gesertifiseerde pos na sy of haar laaste bekende adres gepos is en 'n erkenning van die pos daarvan verkry word;
  - (f) in die geval van 'n regspersoon, die aflewering daarvan by die geregistreerde kantoor of besigheidsadres van sodanige regspersoon; of
  - (g) indien dit nie kan geskied ingevolge subartikels (a) tot (f) nie, deur dit op 'n duidelik sigbare plek op die perseel betrokke te plaas.

**57. Voldoeningskennisgewings**

- (1) 'n Gemagtigde beampte mag 'n skriftelike kennisgewing uitreik aan enige persoon wat die bepalings van hierdie verordening oortree.
- (2) 'n Kennisgewing ingevolge subartikel (1) moet-
  - (a) besonderhede gee van die bepaling van die verordening wat nie nagekom is nie;
  - (b) aan die eienaar, okkuperder of ander party binne 'n bepaalde tyd 'n redelike geleentheid bied om verhoër te rig met betrekking tot die bewerings in die kennisgewing;
  - (c) die stappe uiteensit wat die eienaar, okkuperder of ander persoon moet neem om die versuim reg te stel;

- (d) die periode spesifiseer waarbinne die die eienaar, okkupeerder of ander persoon stappe moet neem om die versuim reg te stel; en
- (e) aandui dat die munisipaliteit-
  - (i) indien die kennisgewing nie nagekom word nie, die werk self mag onderneem en die werklike koste van sodanige werk van die eienaar, okkupeerder of ander persoon verhaal; en
  - (ii) enige ander aksie mag neem om nakoming van die bepalinge van hierdie verordening te verseker.
- (3) Indien 'n eienaar of okkupeerder of enige ander persoon versuim om binne die neergelegde periode 'n geskrewe kennisgewing ingevolge hierdie verordening na te kom, mag die munisipaliteit sodanige aksie neem as wat nodig is om nakoming te verseker, insluitende-
  - (a) om self of deur 'n kontrakteur die aksies of die werk nodig te onderneem en verhaling van die koste van die eienaar, okkupeerder of ander persoon; of
  - (b) die instelling van regsaksie teen die eienaar, okkupeerder of ander persoon ingevolge die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977).;
- (4) In 'n noodgeval mag die munisipaliteit sonder vooraf kennisgewing, die werk soos beoog in subartikel (2) onderneem en die koste van die eienaar, okkupeerder of ander persoon, verhaal.
- (5) Die werklike koste verhaalbaar deur die munisipaliteit ingevolge subartikels (3) en (4) sal insluit die volle koste geassosieer met sodanige werk.
- (6) In die geval waar nakoming van 'n kennisgewing binne 'n gespesifiseerde aantal werksdae vereis word, sal die aanvangsdatum van sodanige periode gereken word as die datum in die kennisgewing bepaal.
- (7) 'n Kennisgewing of dokument uitgereik ingevolge subartikel (2) is geldig totdat een van die volgende gebeur-
  - (a) dit uitgevoer is;
  - (b) dit deur die gemagtigde beampte wat dit uitgereik of sy of haar gelegeerd gekanselleer word; of
  - (c) die doel waarvoor dit uitgereik is, verval het.

#### 58. Mag van toegang en inspeksie

- (1) 'n Eienaar of okkupeerder moet, op versoek, 'n gemagtigde beampte toelaat om sodanige inspeksie en ondersoek uit te voer as wat hy of sy nodig ag om enige oortreding van hierdie verordening te ondersoek en nakoming daarvan te verseker.
- (2) Wanneer hy of sy die perseel betree, moet die gemagtigde beampte, hom of haarself indien so vereis, identifiseer by wyse van 'n aanstellingsertifikaat.

#### 59. Gebruik van geweld vir toegang

Die gebruik van geweld vir toegang tot 'n perseel mag slegs in 'n noodgeval geskied..

#### 60. Aanspreeklikheid en vergoeding

Die munisipaliteit sal nie aanspreeklik wees vir skade of vergoeding voortspruitend uit enige iets wat deur die munisipaliteit ingevolge hierdie verordening gedoen is nie.

#### 61. Valse verklarings of inligting

Niemand mag 'n valse verklaring aflê of valse inligting aan die munisipaliteit, 'n gemagtigde beampte of 'n werknemer van die munisipaliteit verskaf nie of 'n dokument uitgereik ingevolge hierdie verordening, vervals nie.

#### 61(A) Middellike aanspreeklikheid

Indien 'n werknemer iets doen of versuim om iets te doen wat, indien dit deur die werkgewer gedoen is of nie gedoen is nie, dit 'n oortreding ingevolge hierdie verordening sou uitmaak, word die werkgewer vir sodanige handeling of versuim aanspreeklik gehou.

#### 62. Appèl

'n Persoon wie se regte geraak word deur 'n besluit van die munisipaliteit ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, mag teen sodanige besluit appelleer ingevolge artikel 62 die Wet op Plaaslike Regering : Munisipale Stelsels, 2000, Wet 32 van 2000 deur skriftelike kennisgewing van die appèl en die redes daarvoor binne 21 dae vanaf die datum van bekendmaking van die besluit, aan die munisipale bestuurder te gee.

#### 63. Misdrywe

- (1) Dit is 'n oortreding vir enige persoon om-
  - (a) 'n gemagtigde amptenaar toegang te weier tot 'n perseel waartoe hy of sy behoorlik gemagtig is om toegang te hê;
  - (b) 'n gemagtigde beampte te verhinder of te belemmer in die uitvoering van sy of haar pligte;
  - (c) te weier of te versuim om 'n gemagtigde beampte te voorsien van 'n dokument of inligting wat die persoon ingevolge hierdie verordening moet voorsien;
  - (d) vals of misleidende inligting aan 'n gemagtigde beampte te gee;
  - (e) die eienaar van enige perseel of 'n persoon werksaam vir die eienaar te verhinder om die perseel te betree ten einde 'n vereiste van hierdie verordening na te kom;
  - (f) voor te gee dat hy of sy 'n gemagtigde beampte is;
  - (g) 'n magtiging aan 'n gemagtigde beampte of 'n geskrewe magtiging of 'n voldoeningskennisgewing of voldoeningsertifikaat uitgereik ingevolge hierdie verordening, te verander;
  - (h) enige perseel sonder 'n geskrewe kennisgewing te betree onder omstandighede wat sodanige kennisgewing vereis;
  - (i) op te tree in stryd met 'n geskrewe kennisgewing of dokument uitgereik ingevolge hierdie verordening;
  - (j) enige inligting rakende die finansiële of besigheidsaangeleenthede van enige persoon wat verkry is in die uitvoering van enige funksie of enige magte ingevolge hierdie verordening, openbaar te maak, behalwe-
    - (i) aan 'n persoon wat die inligting benodig om 'n funksie of 'n bevoegdheid ingevolge hierdie verordening, uit te voer;
    - (ii) as die openbaarmaking deur 'n hof beveel is; of
    - (iii) as die openbaarmaking 'n nakoming van die bepalinge van enige wet is.
  - (k) enige bepaling van hierdie verordening te oortree of versuim om dit na te kom;
  - (l) te versuim om enige kennisgewing uitgereik ingevolge hierdie verordening na te kom;
  - (m) te versuim om enige wettige opdrag uitgereik ingevolge hierdie verordening na te kom;

- (n) enige voorwaardes neergelê vir die uitreiking van enige lisensie, goedkeuring, konsessie, vrystelling of magtiging ingevolge hierdie verordening, te oortree of te versuim om dit na te kom.
  - (o) afval of rommel te strooi of enige volume afval te stort behalwe in 'n goedgekeurde stortingsterrein;
  - (p) storting of lekkasie van enige volume afval of gevaarlike afval te veroorsaak sonder om verligtingsmaatreëls in te stel;
  - (q) onbedekte of onbeveiligde vrag afval of gevaarlike afval van enige volume te vervoer; of
  - (r) onbedekte of onbeveiligde vrag te vervoer wat die storting of lekkasie van enige volume afval of gevaarlike afval veroorsaak.
- (2) 'n Persoon wat veroorsaak dat 'n ander persoon 'n misdryf soos verwys in subartikel (1) begaan of wat uit hoofde van 'n posisie van gesag oor 'n ander persoon, hom of haar toelaat of toestemming gee om 'n misdryf te begaan, sal skuldig wees aan daardie misdryf.
- (3) Versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing uitgereik ingevolge hierdie verordening maak 'n voortdurende misdryf uit.

#### 64. Strafbepalings

- (1) Enige persoon wat enige van die bepalings van artikel 63 oortree is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevindiging onderworpe aan-
- (a) 'n boete of tronkstraf of sodanige tronkstraf sonder die opsie van 'n boete of aan beide sodanige boete en sodanige tronkstraf; en
  - (b) in die geval van 'n voortdurende misdryf, aan 'n addisionele boete of 'n addisionele periode van tronkstraf of aan sodanige addisionele tronkstraf sonder die opsie van 'n boete of aan beide sodanige addisionele boete en tronkstraf vir elke dag waarop sodanige misdryf voortduur; en
  - (c) 'n verdere bedrag gelykstaande aan enige kostes en uitgawes deur die munisipaliteit aangegaan as gevolg van sodanige oortreding of versuim.
- (2) Bykomend tot enige straf opgelê ingevolge subartikel (1), mag die munisipaliteit die verantwoordelike persoon opdrag gee om sodanige afval te verwyder en bepaal watter stappe geneem moet word om die situasie reg te stel en die vergoeding van uitgawes of enige ander koste of skade ten opsigte daarvan.

#### 65. Toepassing van hierdie Verordening

Hierdie Verordening is van toepassing op alle persone of entiteite, insluitende staatsinstellings, geleë binne jurisdiksiegebied van Langeberg Munisipaliteit.

#### 66. Vrystellings

- (1) Enige persoon mag deur middel van 'n skriftelike aansoek, waarin die redes gegee word, by die munisipaliteit aansoek doen om vrystelling van enige bepaling van hierdie verordening.
- (2) Die munisipaliteit mag
- (a) skriftelik vrystelling verleen en die voorwaardes ingevolge waarvan, indien enige, en die tydperk waarvoor sodanige vrystelling verleen word, daarin vermeld
  - (b) enige vrystelling of voorwaarde in 'n vrystelling wysig of kanselleer na behoorlike kennisgewing aan die betrokke persoon; of
  - (c) weier om 'n vrystelling te verleen in welke geval redes vir die weiering aan die betrokke persoon verstek moet word.
- (3) 'n Vrystelling tree nie in werking voordat die aansoeker skriftelik onderneem het om te voldoen aan al die voorwaardes wat deur die munisipaliteit ingevolge subartikel (2) opgelê is; met dien verstande dat indien 'n aktiwiteit begin word voordat sodanige onderneming aan die munisipaliteit voorgelê is, die vrystelling verval.
- (4) Indien enige voorwaarde van 'n bestaande vrystelling nie nagekom word nie, mag die munisipaliteit die vrystelling kanselleer na behoorlike kennisgewing aan die betrokke persoon.

#### 67. Herroeping van verordeninge

Die bepalings van enige verordeninge voorheen uitgevaardig deur die munisipaliteit of deur enige van die afgeskafte munisipaliteite wat nou in die munisipaliteit geïnkorporeer is, word hiermee herroep in soverre dit betrekking het op aangeleenthede waarvoor in hierdie verordening voorsiening gemaak word.

#### 68. Oorgangsbepalings

Enigiets wat gedoen is ingevolge enige bepaling van 'n verordening wat deur hierdie verordening herroep word, sal geag word as gedoen te wees ingevolge die ooreenstemmende bepalings van hierdie verordening en die herroeping in artikel 67 sal nie die geldigheid affekteer van enigiets wat gedoen is ingevolge die verordening wat as sodanige herroep is nie.

#### 69. Kort titel en inwerkingtrede

Hierdie Verordening staan bekend as die Langeberg Munisipaliteit: Geïntegreerde Afvalbestuursverordening, 2021 en tree in werking by afkondiging daarvan in die Provinsiale Koerant.

